**Maandag 7 Oktober**

| Skrifgedeelte: Esegiël 37:9-14 | Fokusgedeelte: Esegiël 37:14a |
|---|---|

## Wedergeboorte – ’n Gees-bewerkte ingrype deur God (1)

God se almag en wonderdade speel nie iewers onsigbaar af nie. Dit speel in ons lewe af. So was dit ook met die Israeliete wat in ballingskap was. Hulle het alles verloor – hulle tempel, Jerusalem, hulle identiteit, hulle het ook geheel en al moed verloor. Maar God gryp in! Hy praat met hulle deur hierdie visioen van Esegiël.

Eers het die doodsbene bymekaargekom en weer liggame gevorm. Hier in vers 9-14 moet Esegiël met die gees praat om uit al die windrigtings in hierdie liggame in te kom, sodat hulle kan opstaan en lewe. Die woord “gees” kan ook vertaal word met asem of wind, wat ook dui op die werk van die Heilige Gees. Dit beteken hier dat die Heilige Gees in hierdie menseliggame uitgestort moet word.

So sal God ingryp soos geen mens kan nie. Hy sal hulle nuut maak. Al voel die Israeliete volgens vers 11 soos uitgedroogde bene, en al dink hulle dit is heeltemal klaar met hulle – vir God is dit nooit verby nie. Hy kan en sal die onmoontlike doen. Hy wag nie vir die situasie om te verander nie. Hy sal hulle as’t ware weer gebore laat word, hulle totaal nuut maak vanuit hulle dorheid, hulle uit die dood herskep. Soos Christus wat ook uit die dood opgestaan het.

God het deur sy Gees oneindig diep in ons lewe ingegryp. Hy maak Christus se opstandingslewe ook my lewe. Galasiërs 5:25: “Ons lewe deur die Gees.” Hy kan en sal ook steeds deur sy Gees in enige dor en hopelose situasie in ons lewe ingryp en ons herskep met sy mag. Die grootste verandering in ons lewe is ook nie wanneer ons situasie verander nie, maar wanneer God ingryp en ons harte verander en vernuwe, sodat ons weer in ’n lewende verhouding met Hom kan leef. Hy doen die onmoontlike wat geen mens kan doen nie – ook met jou.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 2*

*Ds. HJ Briel (Hennie) (Petrusburg/Boshof)*